Vrydag 13 November
Skrifgedeelte: Psalm 30
Fokus: Psalm 30:6 (AFR2020)

## God se liefde en trou verander trane in jubelkrete

Trane en vreugde: dit is emosionele reaksies wat ons baie goed ken. Elke mens het al gehuil en gelag. Elke mens het al swaargekry en elke mens het al uitgeroep van blydskap.

Ons kan daarom sê dat die tweede deel van vers 6 soos ʼn spreuk is: *In die aand word daar aanhoudend gehuil, maar teen die oggend is daar jubelkrete*. Dit is ʼn stelling wat waar is vir Dawid se lewe en vir elke gelowige se lewe. Jesus verwys ook daarna in Johannes 16.

Hoe werk dit in ʼn gelowige se lewe? Waar kom hierdie trane en jubelkrete vandaan en hoe moet ons dit hanteer?

Kom ons kyk eers na die hartseer. Wat veroorsaak vir ons pyn en trane? Die bron van alle hartseer is die sonde. Soms is dit bloot die teenwoordigheid van sonde in die wêreld en soms is dit die direkte gevolg van ʼn sonde wat ons self gedoen het. Dan moet ons die sonde bely en om vergifnis vra. In die eerste plek by God, maar ook by die mense teenoor wie ons oortree het.

Die bron van vreugde daarenteen is God. Die enigste manier waarop ons ware vreugde kan ervaar, is deur God se verlossing. In sy liefde en trou het God Jesus Christus gestuur om ons van die sonde te red. Die bron van vreugde is dus God, en Hy wat ons deur Jesus red. Ons kry deel aan hierdie redding en blydskap deur die geloof wat die Heilige Gees aan ons gee.

Ons moet ook onderskei tussen aardse geluk en ware vreugde. Aardse geluk is tydelik. Dis soos ʼn roomys op ʼn warm dag. Dit smaak baie lekker, maar dit smelt vinnig weg. Ware vreugde is deel van die vrug van die Gees. Dit is ʼn ewige vreugde wat teenwoordig is op aarde, selfs in tye van swaarkry.

*Sing: Psalm 107-1:1, 3*

*Dr. HM (Heinrich) Zwemstra (Walvisbaai/Swakopmund)*